

# BOEKBESPREKING

Dr. C. A. Tukker, **Van God en Zijn Kerk**. Dl 1 **De Vroege Tijd**. Uitgewer: B V Uitgeverij „De Banier”, Utrecht 1975. 100 bl. Prys Ndl fl. 15.

Hoewel dit al 'n hele tyd is wat hierdie boek op my tafel lê, is dit nié vanweë 'n gebrek aan belangstelling dat die resensie nou eers geskryf word nie. Inteendeel, hierdie werk is so reëlmstig gebruik en nagelees dat dit my ontgaan het dat daar óók nog 'n resensie geskryf moes word!

Op die oomblik is daar slegs 'n paar geskiedeniswerke wat 'n poging aanwend om die hele geskiedenis van die kerk, van die vroegste dae af, te beskrywe. Die bekende Nederlandse werke is die van prof. J. N. Bakhuizen van den Brink c.s. en ook dié van proffe. Nauta en van Itterzon. Die opvallende dáár is dat in elke geval van 'n hele reeks medewerkers gebruik gemaak is en dit is wel verstaanbaar. Hier word nou 'n poging deur dr. Tukker aangewend om 'n oorsigtelike kerkgeskiedenis te skrywe wat in drie bande sal verskyn. Voor ons lê die eerste band wat die geskiedenis van die eerste vyf eeue behandel.

Hier word die kerkgeskiedenis nié kronologies behandel nie maar tematies. Dit het baie voordele omdat op dié wyse meer aandag aan die verbande en die perspektiewe van die kerkgeskiedenis gegee word.

Na die inleidende hoofstuk **Kerk en Israel**, volg dan die hoofstuk **Kerk en Zending** waar die inbeweeg van die Christendom in die destydse heidenwêreld behandel word. Hier word dan ten eerste die botsing tussen die gemeente enersyds en die sakrale, politieke mag van die Ryk na vore gebring en oor die verweer van die Christendom en die martelaarskap gehandel. Deur middel van tydgenootlike aanhalings word die geskiedenis lewend. Terselfdertyd word, wat die martelaars betref, ook figure soos Jeanne d'Arc, verbrand in 1425, en Guido de Brès, die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis en Corrie ten Boom, 'n figuur uit die laaste wêreldoorlog wat deur die Nazis gevangegeneem is vanweë sy verzet teen die nasionaal-sosialisme beskryf.

Die hoofstuk vervolg dan met 'n uiteensetting van die verbreding van die evangelie deur die Romeinse Ryk en daar word dan aandag gegee aan drie faktore wat hier 'n rol gespeel het naamlik die taal, die geografiese uitbreiding en die maatskaplike omstandighede.

Die derde en vierde hoofstukke gaan oor **Kerk, geloof en wetenskap** en toon aan hoe die evangelie ingedra is in die heidenwêreld, watter botsings, innerlike stryd en struikelblokke daar was. Duidelik word hier onderskei, begrippe word helder omskryf en deur middel van tydgenootlike aanhalings word telkens 'n bepaalde

argument óf belig of verder gevoer. Uit die aard van die saak word elke saak nie uitvoering behandel nie. So word feitlik net verwys na die vraag of die evangelie nie vermoraliseer is in die eerste eeue nie (bl. 42 vg.). Hoewel met 'n aanhaling uit die **Didachē** dié vraag negatief beantwoord word, word dit nié bespreek wanneer kortliks na die vroeg-Christelike askese en die opkoms van die monnikedom (bl. 32-33) verwys word nie. Vir my begrip was die opkoms van die monnikedom alleen moontlik omdat die gedagte van die menslike medewerking aan sy verlossing, met álles wat dít meebring, in die vroeë kerk gebillik en gewaardeer is. Augustinus se siening van sonde en genade kom as't ware te laat om dié opvatting nog te stuit en eers met die 16de eeuse Hervorming word van die monnik-ideaal en die verkapte selfverlossingsideaal langs die weg van die moraal afskeid geneem. Tog word in die Protestantisme dié gedagte egter wéér deur Wesley na vore gebring, in die Angelsaksiese wêreld gepopulariseer en vandaar word dit die basis van die hedendaagse „ekumeniese teologie” en die daarmee saamgaande genitief-teologieë van ons tyd. (Vergelyk in hierdie verband R. Sauerzaph, **Die Säkularisierung der Geufer Oekumene**, Pretoria 1975). Niemand ver wag, uiteraard, dat hierdie hele perspektief rondom die begrippe askese en moraal hier behandel moes gewees het nie. Maar dít is ook duidelik dat die opmerkings op bl. 42 nié voldoen nie.

Die vyfde hoofstuk dra die titel **Kerkvorsten, Kettters en Concilies** behandel die dogmatiese probleme van die vierde eeu. Hier word ook die rol wat Konstantyn gespeel het duidelik geteken. Hoewel die materiaal wat in hierdie hoofstuk behandel moet word, gladnie so eenvoudig is nie, slaag die skrywer uitmuntend daarin om die belangrikste hoofmomente na vore te bring en 'n duidelike beeld van die historiese en leerstellige gang van sake te gee. Die laaste en sesde hoofstuk, **Die Kerkvaders van het Westen**, behandel die lewensgeskiedenis en betekenis van Ambrosius, Hieronymus en Augustinus. Daarmee word hierdie deel dan afgesluit.

Samevattend sou ek hierdie werk as baie bruikbaar wil tipeer, bruikbaar vir sowel die teologiese student as elkeen wat hom besig hou met die studie van die kerkgeskiedenis. Dit is in eenvoudige, duidelik-verstaanbare taal geskrywe, die begrip-omskrywings is helder en die gang van die betoog loop goed. Hierdie werk verdien by ons ook aandag omdat hier 'n poging aangewend word om vanuit die Reformatoriese teologie 'n oorsig te gee van die verlede van die kerk. Hier vind ons gelukkig geen poging om die verlede te misbruik om daarmee vaart aan allerlei hedendaagse teologie-afwykende menings vaart te gee nie. Daarvoor is mens dankbaar en wil ek stel dat hierdie werk inderdaad 'n aanwinst genoem kan word.

— A. D. Pont

Joh Jansen, **Korte Verklaring van de Kerkenordening**, uitgegee deur Uitgeverij Ton Bolland, Amsterdam 1976. 363 bl. Prys R13,30.

Hierdie is 'n fotomeganiese herdruk van die eerste druk van Jansen se bekende **Korte Verklaring** wat in 1923 verskyn het. Jansen gee hier 'n verklaring van die Dordtse Kerkorde soos dit in Nederland in gebruik is. In sy verklaring gee hy 'n magdom van historiese, praktiese, leerstellige en kerkregtelike gegewens elke keer as 'n verklaring van 'n artikel van die Kerkorde.

Die boek bestaan uit die vier hoofafdelings van die Kerkorde naamlik uiteensettings oor die ampte, die vergaderings van die ampte, die leer, sakramente en die orde van die godsdiensoefening en ten slotte die sensuur en kerklike vermaning.

Die boek van Jansen was vir my nog altyd 'n belangrike na-slaanwerk by die studie van die kerkreg en waar ons eie kerkwet nog baie duidelik op die beginsels van die Dordtse Kerkorde gebou is, is Jansen se werk steeds 'n belangrike verklarende bron. Uit die aard van die saak word Jansen se verklarings gekleur deur sy verbintenis met die Nederlandse Gereformeerde kerke. Daarom gee hy ook die latere toevoegings en uitleggings wat deur dié kerkverband aan die artikels van die Dordtse Kerkorde gegee is.

Jansen se werk is en bly 'n onmisbare boek vir elkeen wat met die orde van die kerk besig is en daarom word hierdie uitgawe verwelkom.

— A. D. Pont

---

D. Kempff, **A Bibliography of Calviniana 1959-1974**, uitgegee deur die **Instituut vir die Bevordering van Calvinisme**, Potchefstroom 1975, 234 bladsye plus 'n register van 15 bladsye, prys R10,00.

Hierdie versamelwerk van die gereformeerde teoloog en redakteur van **Die Kerkblad**, dr. D. Kempff, is van groot en besondere waarde vir elkeen wat hom met die studie van die reformatoriese teologie besighou. Met hierdie werk wil die skrywer **W. Niesel** se **Calvin-Bibliographie 1900-1959** aanvul en verder voer tot op die jongste tyd. Hier word dus 'n lys gegee van alles wat oor en in verband met Calvyn, die Calvinisme en die Calvinistiese hervorming gepubliseer is vanaf 1959.

Hierdie bibliografie val uiteen in twee groot dele. Die eerste deel handel oor Calvyn, p. 17-124 en die tweede deel oor die Calvinisme, p. 125-234.

Wat Calvyn betref, word die bibliografie weer in drie hoofstukke verdeel naamlik **Own Works**, **Works about Calvin** waar hoofsaaklik die biografiese materiaal verantwoord word en dan 'n tweede hoofstuk, **Works about Calvin**, waar hoofsaaklik oor Calvyn se leer gehandel word.

Die deel oor die Calvinisme word ook in drie hoofstukke verdeel naamlik **Calvinism, Various reformers** en dan **Countries, matters and opponents**.

Die geheel word afgesluit deur 'n register van skrywers sodat die bruikbaarheid van hierdie werk daardeur baie verhoog word. In hierdie werk word 'n sewetal publikasies van prof. B. J. Engelbrecht genoem, van ds. Joh. Dreyer (in die register word sy voorletters verkeerdelik as J.C.M. aangegee) 'n sestal artikels, van ds. S. J. Botha één artikel, van prof. S. P. J. J. van Rensburg één artikel, en van ondergetekende 'n tiental publikasies. Hierdie uitvoerige werk wat álle ter saaklike publikasies dwars oor die wêreld in berekening gebring het, is van onskatbare waarde vir elke navorser, teoloog en student. Ons kan dr. Kempff alleen maar gelukwens en bedank vir hierdie groot werk wat hy verrig het.

—A. D. Pont

---

Byang H. Kato, **Theological Pitfalls in Africa**, Uitgewer: Evangel Publishing House, Kisumu, Kenia 1975, 200 bladsye, prys onbekend. (Verkrygbaar by H.A.U.M.)

Hierdie werk van die vroeg oorlede dr. Kato wat sekretaris van die **Association of Evangelicals of Africa and Madagascar** was, is seker één van die interessantste werke wat uit swart Afrika afkomstig is. In plaas daarvan dat hier óók getrag word om die marxisme teologies-godsdienstig te regverdig (soos die algemene tendens in die genitief-teologieë van ons tyd is), word hier gepoog om die sentrale Skriftuurlike waarhede in die konteks van hedendaagse swart Afrika te stel.

Dr. Kato stel in sy voorwoord dat die grootste enkele probleem vir die Christendom in Afrika die sogenaamde universalisme is, die gedagte dat die mens salig word ongeag of hy in Jesus Christus glo. Hierdie universalisme, wat veral deur die liberale ekumenisme bevorder word en die gepaardgaande gedagte van die eenheid van die mensdom, beteken eintlik 'n vervlakking van die Christelike geloof. Soos hy dit stel: „Yet Christianity cannot incorporate any man-made religion. But some theologians are seeking recognition of the so-called common ground between Christianity and African traditional religious. This is where the battle is raging: (bl. 17).

Dan word allereers 'n analise gemaak van „African traditional religious“ en daarna word dié gegewens gekorreleer met teologiese sisteme wat voorgee om Christelik te wees soos **Black Theology** en die **Theology of Decolonization**. Die laasgenoemde „teologie“ is nogal interessant want dit word as volg beskryf (p. 50): „Moreover, Theology of Decolonization seeks for a God and a Jesus spiritual imperialism, psychological terrorism, intellectual atrocities and academic genocide which the white establishment has inflicted

upon the oppressed for more than 529 years." Hier word dit dus duidelik dat hierdie soort „teologie“ nié vra na die inhoud van God se openbaring in sy Woord nie maar dat met bepaalde voorveronderstelling en eise die Skrif gelees word om dan uit die Skrif alleen daardie uitsprake te gebruik wat pas by voorafgestelde vereiste. Dit is onder andere hierteen wat Kato sy geskrif rig.

Van hieruit gee die skrywer dan 'n analise van „African Theology“ soos dit veral deur prof. J. S. Mbiti geformuleer is. Vir Kato is dit egter ook reaksionêre teologie wat nie veel verskil van die bogenoemde teologieë nie. Wat Mbiti betref, bou hy sy „African Theology“ op die tydbegrip van die nie-blanke wat alléén 'n lang verlede, 'n dinamiese hede en géén toekoms ken nie. Op grond daarvan verwerp Mbiti dan die eskatologie as Westerse denke! Hier stuit mens op 'n saak wat, in 'n ander konteks, uitvoerig behandel is deur dr. G. M. Mes in sy insiggewende werk **Now-men and Tomorrow-men**, Johannesburg 1964.

Die volgende paar hoofstukke wy Kato dan aan 'n analise en verwerping van Mbiti se „African Theology“ want dié teologie gebruik méér boustene uit die primitiewe godsdiens as uit die Bybelse openbaring.

'n Verdere teologie wat Kato analiseer is die „Theology of Peaceful Coexistence“ (p. 91 f.) wat veral in Wes-Afrika na vore kom en wat óók trag om die Christelike godsdiens met die primitiewe godsdienste van Afrika te sinkroniseer.

In hoofstuk 10 en 11 handel Kato oor die ekumene en die ekumene in Afrika. Sy groot beswaar téén die ekumeniese teologie formuleer hy as volg (p. 142) „Having thrown away the authoritative basis of the Word of God, man leaves the door wide open for a man-made message. It is no wonder that liberals cannot come to an orthodox understanding of salvation, evangelism, and other basic doctrines of the Word of God.“ Vandaar dan ook dat Kato ernstige en geregverdigde kritiek uitspreek téén die W.R.K. en die A.A.C.C. In sy slothoofstuk pleit Kato dan vir 'n terugkeer na die Skrif en 'n teologie wat op die Skrif sèlf gehou is. Dit gaan vir hom daarom om die Bybelse Christendom in Afrika te bewaar en uit te bou. Daarvoor is deeglike teologiese opleiding noodsaaklik en moet daar gewaak word téén universalisme en sinkretisme. Behartenswaardig, veral in ons tyd, is sy stelling (p. 183): „Show concern in social action but bear in mind at all times that the primary goal of the church is the presentation of personal salvation . . . The church is not a department of social welfare for the government. It is a body of individuals called out to prepare the world for the second coming of Christ.“ Hoewel hierdie stelling nie genoegsame erkenning gee aan die verbondsgedagte nie, is dit tog so dat die afwysing van die oordrewe antroposentriese maatskaplike bewoënhed, waarmee so baie kerke vandag hulle bestaan wil regverdig, baie nodig is.

Dit wil my voorkom dat hierdie werk noodsaaklike leesstof vir

elke teoloog in Afrika is. Baie van ons blanke teoloë kan, by die lees van hierdie boek, dalk weer besef dat die oordrewe blanke skuldgevoel waaraan hulle ly, niks met die evangelie te make het nie. Andersyds is hierdie werk wéér 'n bevestiging van die korrektheid van die siening wat in ons kerk gelei het tot ons eiesoortige sendingbeleid. Hiermee en hierdeur word 'n positiewe diens gelewer wat van méér blywende waarde sal wees as baie ander pogings wat ook as „sending“ getipeer wil word.

— A. D. Pont

Lukas Visscher, **Veränderung der Welt — Bekehrung der Kirchen. Denkanstöße der Funften Vollversammlung des Oekeuenischen Rates der Kirchen in Nairobi.** Uitgewery: Verslag Otto Lembeck, Frankfurt a M 1976, 106 bladsye, prys DM 9,80.

In hierdie werkie gee die bekende ekumeniese teoloog Lukas Visscher sy opvattinge oor die positiewe resultate van die W.R.K. se Nairobi-vergadering in Desember 1975. Die werkie wat in vier dele uiteenval, is die weergawe van 'n viertal lesings wat Visscher by die Utrechtse Universiteit gehou het. Dié vier lesings dra die opskrifte: 1. Das gemeinsame Zeugnis der Kirche — Harmonie oder Dissonanz? 2. Dialog — Sackgasse oder offense Tür? 3. Welche Gesellschaft? Zwischen Vision neuer Radikalität und Ungewisheit, en 4. Konsiliare Gemeinschaft.

Soos uit die titels afgelei kan word, het ons hier met horisontale, ekumeniese teologie te make wat so af en toe min of meer Bybelse begrippe inweef in 'n basiese sosialisties-marxistiese filosofiese gedagtegang. Assodanig is dit buitengewoon interessante leesstof. Dit bly altyd verrassend om te sien hoe goed hierdie ekumeniese teoloë hulle filosofie ken en hoe maklik dan Bybelsklinkende bygetrek word om die argument vaart te gee.

So word as vanselfsprekend aan vaar dat die sendingbevel van Mt. 28:19 voltooi en afgehandel is. Dié saak lê, wat die W.R.K. betref, in die verlede, plusquam perfectum! So behandel Visscher merdere interessantheide wat in die ekumeniese teologie na vore gekom het.

Hierdie werkie is die moeite werd om te lees.

— A. D. Pont

W. Arnold und H. W. Hessler (hrsg), **Oekumenische Orientierung Nairobi 1975.** Uitgewers: Verslag Otto Lembeck, Frankfurt a M und Friedrich Reinhardt Verlag, Basel, 1976, 168 bladsye, prys DM 9,80.

Hierdie werkie wat ook in 'n Engelse verstaling, **Breaking Barriers**, verskyn het, bevat 'n agttal opstelle waarin getrag word om die betekenis en die boodskap van die W.R.K.-vergadering te Nairobi te evalueer. Hoewel daar rondom dié Nairobi-vergadering 'n stortvloed geskryfte gepubliseer is, is hierdie werkie één van die belangrike kommentare op die gebeure. Hoewel die boek reeds in Januarie 1976 verskyn het, het dit aan aktualiteit nog lank nie ingeboet nie.

Uit hierdie opstelle blyk wel duidelik dat Nairobi 1975 nie 'n vergadering was soos die Uppsala-vergadering waar die marxistiese-beïnvloede teoloë die hoogste woord gevoer het nie. Intendeel, by Nairobi is daar selfs 'n mosie voorgedra oor godsdiensvryheid in Sowjet-Rusland. Dit het 'n yslieke gefladder afgegee en veral die vermeende K.G.B.-agent, biskop Nikodim, het alles in die werk gestel om dié mosie afgewys te kry. H. W. Hessler se opstel, *Die achtzehn Tage in Nairobi*, S9-35, gee ook hiervan 'n saaklike berig. Terselfdertyd word ook verwys na die anti-Suid-Afrikaanse besluite. Nogal interessant is dat ten opsigte van die Angola-burgeroorlog, ernstige bedenkinge uitgespreek is oor Suid-Afrika se deelname terwyl die deelname van Kubaanse soldate aan dié konflik nie genoem word nie. Die oorsaak is waarskynlik dat die steun van kommunistiese Kuba aan die Russies-kommunistiese georiënteerde M.P.L.A. nie as afkeurenswaardig beskou is deur die „Christelike” organisasie nie. Die Rooi-Sjinees-georiënteerde U.N.I.T.A. is natuurlik vir die W.R.K., wat sterk geïnfiltreer is deur Russies-georiënteerde kommuniste en kommunistiese simpatiseerders, gladnie aanvaarbaar nie. In die oordele van die W.R.K. speel die Bybel as norm en maatstaf vir die liggaam se uitsprake, nie juis 'n beduidende rol nie.

Interessant is dit, uit Hessler se opstel, om vas te stel dat die Amerikaanse en Wes-Duitse kerke in hoofsaak die W.R.K. finansier en wel met 38,3% en 38,8% onderskeidelik van dié liggaam se totale inkomste. Dit is interessant om te verneem dat die W.R.K. ook met ernstige finansiële tekorte worstel.

Tot die presidium van die W.R.K. is verkies Metropoliet Nikodim van Sowjet-Rusland wat al as 'n K.G.B.-agent geïdentifiseer is; Annie Jiaggi van Ghana; dr. J. M. Bonino van Argentinië en één van die hoofverkondigers van die marxisties-georiënteerde „Teologie van die Bevryding”; gen. T. B. Simatupang van Indonesië, die Sweedse aartsbiskop O. Sundby en dr. Cynthia Wedel van die V.S.A.

Interessant is óók die ander opstelle onder andere dié van K. C. Epting, *Vom Bekenntnis zu Christus heute*. Duidelik word dit wèl dat Christus in die denke van die W.R.K. die groot voorbeeld is en dat evangelie, dienoooreenkomstig, moralisties uitgelê word. Christus word dan hiér die „voorwaarde” vir die onderlinge verbondenheid van álle mense.

So is daar in elke opstel behartenswaardige uitsprake, feite, gegewens en beredenerings. Al is dit so dat verreweg die meeste van hierdie opstelle bepaal word deur sosialisties-marxistiese filosofiese voorveronderstellings, soos mens dit maar gewoond is van die sogenaamde „ekumeniese teologie”, bly hierdie 'n baie lesenswaardige versameling opstelle. Dit gee 'n duidelike kyk in die „ekumeniese denke” en ook daarvan moet sorgvuldig kennis geneem word.

— A. D. Pont

H. Stirnimann und Lukas Visscher, **Papsttum und Petrosdienst**. Uitgewers: Verslag Otto Lembeck, Frankfort a M en Verlag Josef Knecht, Frankfort a M 1975. 145 bladsye, prys DM 13,50.

Dit is die sewende band in die reeks **Oekumenischen Perspektiven** wat deur die bogenoemde twee uitgewers geloods is.

In hierdie uitgawe word 'n aantal opstelle saamgevat wat, vanuit die gesigshoek van die ekumeniese teologie, handel oor die pous en sy primaat in die Roomse Kerk tesame met sy aanspraak dat die pous die enige hoof van die enigste, ware kerk is.

Vir my was die opstel van A. Stoecklin, **Das Papsttum als historisches Problem** besonder interessant. Uitgaande van die uitsprake van Vaticanum I oor die onfeilbaarheid van die pous, word dan histories aangetoon hoe dit moontlik was dat uit die vroeë, plurale kerklike organisasie 'n pous na vore kon kom. Dit is duidelik dat **eenheid en eenvormigheid** deur die pouse self as één begrip beskou is om so tot die primaatsposisie te kan kom, 'n posisie waar die pous as persoon al meer vereensaam en geïsoleer is en betreklik min kontak met sowel die kerk as die wêreld het.

Dit wil voorkom asof hier, vanuit die ekumeniese teologie, 'n nuwe pleidooi gelewer word vir die konsiliaristiese opvatting van die kerklike organisasie. Dié gedagtes het veral in die vyftiende eeu na vore gekom maar is deur die kuralistiese opvatting verdring. Die kuralistiese opvatting het veral vanaf die Konsilie van Trente, waarskynlik óók as 'n vrees-reaksie téén die opkomende Hervorming, egter so 'n greep op die Roomse kerkordelike denke gekry dat dit vanselfsprekend tot die onfeilbaarheidsuitsprake van Vaticanum I in 1870 moes lei. Vaticanum II se poging om weer in die konsiliaristiese rigting te beweeg, veral onder invloed van pous Johannes XXIII is baie sorgvuldig deur sy opvolger, pous Paulus VI, stopgesit met sy herbeklemtoring van die unieke, gesagsposisie van die pous.

Dié standpunt van Paulus VI was ook vir die W.R.K. 'n harde slag omdat in daardie kringe gehoop is dat 'n konsiliaristiese opvatting in die Roomse Kerk 'n opening sou skep vir 'n organisatoriese samegaan van die W.R.K. en die papale, Roomse Kerk. Die humanistiese eenheidsstrewes van die W.R.K., wat hom weinig oor leerstellige kwessies bekommer, maak die verkryging van een of ander soort „eenheid“ in organisatoriese sin, met die Roomse Kerk 'n dwingende noodsaaklikheid. Paulus VI, 'n Thomistiese teoloog, het egter nie kans gesien om die onfeilbaarheidsdogma op 'n sypoor te stoot nie omdat hy tereg besef het dat hy daarmee één van die hoekpilare van die Roomse sakrale kerkordelike sisteem sou wegneem. Tog verhinder dit die W.R.K. nie om vanuit hulle eenheids-gedagte wéér die konsiliaristiese opvatting te propageer nie vergelyk onder andere Lukas Visscher se opstel, **Petrus und der Bischof von Rom — ihre Dienste in der Kirche**.

Die basiese probleem bly egter, soos H. Stirnimann in sy opstel, **Papsttum und Petrosdienst** suggereer, dat die papale primaat



primêr op die buite-Bybelse Roomse tradisie berus. Die beroep op die Skrif allêén is vir Rome, vanaf die Konsilie van Trente, nié 'n dwingende argument nie. Vandaar dan ook dat, afgesien van Skrif-tuurlike argumente, daar in hierdie werkie veral vanuit die ((humanisties-sosialistiese) menslike eenheidsgedagte 'n beroep op die Roomse Kerk gedoen word om meer in 'n konsiliaristiese rigting te beweeg.

Wat my betref, lyk dit na 'n gejaag na wind. Die marxistiese lewensordelike organisasie, soos in Rusland en Rooi Sjina ten toon gesprei, vereis 'n diktatoriale hoof van die organisasie. Die Roomse Kerk, wat sy organisasie op die ou Romeinse keiserlike imperium se patroon gebou het, voel hom organisatories waarskynlik al méér tuis in 'n wêreld wat al meer deur die marxistiese denke bepaal word. Selfs die sogenaamde „demokratiese“ state van die Weste, vertoon in hulle staatkundige organisasie 'n al sterker wordende sentralisasie van mag in die hande van die uitvoerende president of die eerste minister. Selfs die W.R.K. is nié 'n pluralistiese organisasie nie maar 'n bedekte hiërargie waar alle mag en gesag in die hande van 'n paar enkelinge geleë is. Slegs diegene wat saamstem, ideologies en andersins, word in die W.R.K. gehoor maar almal wat anders dink as die oligargiese leierskorps, word òf tot swye gebring òf negeer.

As mens hierdie geskrif lees, dink ek onwillekeurig aan die skitterende werk van Ian Henderson, **Power without Glory**, London 1967 waarin hy die ekumeniese strewe tereg omskryf as 'n sorgvuldig-bedekte maar nogtans werklike strewe na mag. Daardie strewe na mag, wat eintlik deel is van ons sondigheid, kom eintlik in alle kerke voor. Daarom is die papale sisteem, die ekumeniese strewe, die Protestantse kollegialisme so duidelik in teenspraak met die Calvinistiese, plerale kerkordelike sisteem. Maar selfs die Calvinistiese kerkordelike sisteem het in ons dae 'n bitter skaars artikel geword.

Om saam te vat: Hierdie werk is beslis die moeite werd om te lees en te bestudeer.

— A. D. Pont

---

J. G. Woelderink, **Verbond en Bevinding**, Uitgeverij Ton Bolland, Amsterdam 1974, 225 bladsye, prys R9,47. (Verkrygbaar by H.A.U.M.)

Hier word 'n aantal opstelle en kleiner publikasies van die Nederlandse teoloog, dr. J. G. Woelderink 1886-1956 wat in 1951 nog 'n ere-doktoraat in die teologie van die Utrechtse Universiteit ontvang het, saamgevat.

Hierdie werk word ingelei deur 'n bespreking van Woelderink en sy teologie van die hand van ds. C. van der Wal (29 bl.). Daarop volg dan 'n 11-tal opstelle van verskillende lengte.

Soos Van der Wal tereg opmerk is die verbond van God en mens één van die groot hoekstene van Woelderink se teologiese denke en uit die aard van die saak is daar dan ook 'n vyftal opstelle rondom die verbond en wat daarmee saamhang. Tereg stel Woelderink: „De leer des Verbonds wordt niet een meer of mindere belangrijke locus onder de loci, maar zij beheerscht heel de betrekking tusschen God en zijn Kerk, zoals die door het Ger. Protestantisme gezien wordt.”

Ten oorvloede kan hier miskien gestel word dat die leer van die verbond in ons vaderland en ook in ons teologiese denke te veel verwaarloos word. Waarskynlik onder die invloed van die metodistiese teologie, wat so sterk in die N.G. Kerk na vore kom, is ons geneig om te veel individualisties te dink en dit nieteenstaande die voortdurende waarskuwings van 'n man soos ds. Joh. Dreyer onder andere in sy **Doop en Verbond**. Opvallend is dit, juis in ons dae waar so sterk klem gelê word op goeie volkereverhoudings, goeie mensverhoudings en dies meer dat die verbondsgedagte al meer op die agtergrond raak. In die N.G. Kerk se Landmanverslag oor Volkereverhoudings word die hele verbondsgedagte implisiet verwerp om so makliker te kan kom by die stelling dat wit en swart in een kerklike organisasie opgeneem moet word. Juis daarom ag ek hierdie uitgawe van Woelderink se opstelle oor die verbond so belangrik omdat dit ons waarsku teén bepaalde foutiewe opvattings en tendense.

Woelderink se opstelle **Het Verbond en Verbond en Kerk** het ek met groot belangstelling gelees. Hoewel daar in sy teologiese denke 'n duidelike bevindelike tendens is, is dit vir my nie beswaarlik nie veral nie omdat hy oor die algemeen sy argument duidelik Skriftuurlik verantwoord. Hier het ons inderdaad (nog) te make met 'n teoloog wat niks méér wil doen as om sorgvuldig na God se Woord te luister en dit dan weer te gee nie. Daarby is dit ook duidelik dat Woelderink goed ingewerk is in die teologie van die Reformatoriese vadere en geen moeite ondervind om hulle gedagtes en opvattings te verstaan en weer te gee nie.

'n Pragtige opstel is sy **Belijdenis en Avondmaal** (bl. 212 vg.) waar hy ook die doop behandel en daarvan sê: „Door Gods verkiezende genade is u van uw geboorte af een plaats in de Gemeente van Christus gegeven en zijt ge . . . spoedig na uw geboorte door het merkteken aller Christenen, het teken van de doop, van de kinderen der ongelovigen en heidendom afgezonderd en in de gemeenschap der gemeente in Christus ingelofd.

De doop maakt scheiding tusschen de wêreld en de kerk . . .” Dit is behartenswaardig om weer 'n teoloog aan die woord te hoor wat die algemene versoening verwerp en nog uitgaan van uitverkiezing en God se almag. Dit is tog merkwaardig dat ongeveer 20 jaar na Woelderink se dood dit in Nederland byna vanselfsprekend en noodsaaklik geword het om teologie vanuit sosialisties-marxis-

tiese-humanistiese voorveronderstellings te bedryf, wil mens gehoor word. Daarom is dit belangrik dat hierdie bundel opstelle van Woelderink wat nog teologie van Bybels-Reformatoriese aard is, te lees en te bestudeer. Dit is 'n verandering! Dit spreek vanself, gesien die bostaande, dat ek die lektuur van hierdie opstelle hartlik aanbeveel.

— A. D. Pont

---

J. S. Whale, **Christian Doctrine. Eight Lectures delivered in the University of Cambridge to undergraduates of all Faculties**, uitgewer: Cambridge University Press, Cambridge 1976. 187 bladsye, prys R4,40. Versprei deur MacMillan South Africa, Posbus 31487, Braamfontein.

Hierdie werkie is nie nuut nie aangesien dit in 1941 die eerste maal gepubliseer is. So populêr is dit egter dat dit in 1976 sy veertiende herdruk beleef het. Dit getuig wel van die waarde en die waardering wat hierdie werk het.

Hoewel hier 'n agttal lesings aangebied word onder die titel **Christian Doctrine** is dit nie 'n volledige, sistematiese of omvattende dogmatiek in die gewone sin van die woord nie. Dit is eerder 'n poging tot 'n inleiding in die dogmatiek en dit word gedoen ten opsigte van die loci van die dogmatiek wat handel oor die skepping, sonde, die geskiedenis, die versoening, die drie-eenheid, die kerk, die sakramente en die eskatologie.

Met die eerste oogopslag maak hierdie lesings 'n oppervlakkige indruk wat waarskynlik saamhang met die ouderwetse en beskaafde Engels-akademiese neiging tot die „understatement“. Maar as sorgvuldig gelees word, blyk gou dat Whale 'n goed-belese (veral ten opsigte van die kerkvaders) en geoefende teoloog is. Die gemak waarmee die argument vloei, die voortdurende verwysings na talle teoloë en die netjiese struktuur van die lesings, maak dit 'n plesier om hierdie boek te lees.

Dit word gou duidelik dat Whale as 'n Bybelse teoloog beskou kan word. Hierdie opvatting kan bevestig word deur die volgende aanhaling (p. 19) „Christian doctrine is the historic movement to the fact that God speaks and the soul hears, within the orbit of tradition represented by Scripture and the Church. These two authorities are organically one, in that they mediate the Word of the Gospel to men. The believer receives the word by these channels only. But . . . the channels are no more than channels; neither is infallible in the sense that it is identical with the Word. The treasure is given us in earthen vessels; through these means of grace the life-giving waters are offered to every one that thirsteth. But thirsty souls must come to the waters; not until it is heard is the Word effectually uttered . . .

By ander opstelle kan daar bepaald uitvoerige kanttekeninge geskrywe word soos by die hoofstuk oor die kerk waar die notae

ecclesiae totaal anders gesien word as in ons N.G.B. Tog word mens telkens getref deur raak definisies, soos byvoorbeeld die omskrywing van die papale kerk waarvan gesê word (p. 132). „Instead of thinking of the Church in terms of God, this system thinks of God in terms of the Church.” In sekere sin kan daar moeilik ’n beter beskrywing van die papale kerk gegee word.

Samevattend kan gesê word dat Whale se werk ’n besonder interessante en stimulerende leesboek is wat ’n voortrefflike stimulans bied om vérder te lees en te werk op die vakgebied van die sistematiese teologie.

— A. D. Pont

Dr. A. J. Visser, **De Openbaring van Johannes**, tweede vermeerderde druk, G. F. Callenbach N V-Nijkerk, 1972. Prys R6,60.

Hierdie is ’n uitgawe in die reeks kommentare „De prediking van het Nieuwe Testament”. Die skrywer is hoogleraar aan die Ryksuniversiteit te Groningen.

Die skrywer deel sy behandeling van die stof onder sewe hoofdele in wat dan weer verder onderverdeel word. Die hoofindeling bestaan uit die volgende:

1. Titel, groet, inleidende visioen, briewe aan die sewe gemeentes (1:1 - 3:22).
2. Die geopende hemel en sewe seëls (4:1 - 8:1).
3. Die visioen van die sewe basuine (8:2 - 11:19).
4. Die gesig van die Antichris (12:1 - 15:4).
5. Skaalvisioene (15:5 - 16:21).
6. Visioen wat betrekking het op die val van Rome (17:1 - 19:10).
7. Die einde van Satan en die bruilof van die Lam (19:11 - 22:21).

Uit hierdie indeling is dit duidelik dat daar ’n redelik volledige behandeling van moeilike stof plaasvind. Oor die algemeen kwyt die skrywer hom dan ook goed van sy taak sodat ’n mens by die deurlees van die kommentaar duidelik onder die indruk kom van die feit dat hy ’n goeie en breedvoerige studie van die stof gemaak het. Verder spreek die prediking van Openbaringe ook duidelik uit sy behandeling van die inhoud van die boek, ’n behandeling wat op sistematiese en wetenskaplike wyse gedoen is.

Wat die waarde van die boek verder verhoog is die register van tekste uit die Ou- en Nuwe Testament en die register van aanhalings uit die apokriewe, pseudepigrafiiese geskifte en oud-Christelike outeurs wat in die boek opgeneem is. Dit beklemtoon verder die feit dat die skrywer ’n deeglike studie van die stof gemaak het.

Dit sal seker so wees dat almal nie met alle stellings in die boek sal saamstem nie, maar dit doen geensins afbreuk aan die gehalte van die geskrif nie. Ek kan daarom nie anders as om die kommentaar met vrymoedigheid by alle predikante aan te beveel nie. Dit is ’n geskrif wat baie daartoe kan bydra om predikante se gedagtes te stimuleer om ook uit hierdie boek van die Bybel te preek.

— J. H. Koekemoer

Drs. K. Exalto, **De Dood Ontmaskerd**. De voorbereiding op de dood in de late middeleeuwen, in de reformatie en in de gereformeerde teologie in de 17e en begin 18e eeuw. Uitgeverij: Ton Bolland 1975, 225 bladsye, prys R9,30.

Die skrywer stel in hierdie boek 'n tema aan die orde wat gewoonlik skaars is uit die pen van moderne gereformeerde teoloë. Die grootste vyand van die mens is die dood. Hierdie vyand, alhoewel hy 'n werklikheid is, word nie maklik bespreek nie. Eensyds is hierdie situasie aan die orde omdat die mens die volle omvang van hierdie vyand nie ken nie. Andersyds, omdat die mens vasgevang is deur die moderne materialisme. Die mens leef asof die lewe duskant die graf ewig sal wees, asof die lewe van hier en nou die enigste is wat werklik sin en betekenis het. Hierdie swye, hierdie wegskram vir die dood toon die skrywer aan is nie 'n situasie wat altyd heersend was nie. In die Middeleeue, tydens die Reformatie en die periode pas daarna, het elke teoloog die dood as werklikheid voortdurend die tema van die prediking gemaak. Sommige teoloë het selfs feitlik hulle hele lewe gewy aan die skryf, die oordenking en die bespreking van temas wat in noue verband met die dood staan.

In 12 hoofstukke stel die skrywer die volgende temas aan die orde: „De stervenskunst in de late middeleeuwen; Luther over de voorbereiding op de dood; Calvijn over de overdenking van het toekomstige leven; Charles Drelincourt over de vertroosting tegen de dood; William Perkins' Geestelijk onderricht voor zieken en stervenden; Dionysius Spranckhuysen over de overwinning op de dood; Jacobus Borstius' Raad tegen de dood; Johannes Hoornbeeks Welstervenskunst; Guiljelmus Saldenus over het leven uit de dood; Franciscus Ridderrus' Historisch sterfhuis; Daniel le Roy' Overdenkingen des doods.” Aan die einde gee die skrywer 'n terugblik en 'n slotbeskouing.

Die skrywer toon aan dat bogenoemde skrywers 'n bepaalde eenvormige beskouing gehad het met betrekking tot die dood. Almal het die dood beskou as 'n werklikheid wat nie weggeredeneer kan word nie. Elke mens is op pad na die dood toe. Geen mens kan iets van sy aardse besittings saamneem in die graf nie. Elke mens moet so leef dat hy enige oomblik kan sterf. Elke mens moet hom bewus voorberei vir sy dood. Hierdie voorbereiding het twee fases: 'n algemene voorbereiding tydens jou aardse lewe en 'n besondere voorbereiding die laaste dae voordat jy sterf.

Gedurende die Middeleeue het die voorbereiding op die dood veral twee onmisbare sake van elke gelowige gevra: „een ijverige beoefening van allerlei Christelike deugden; en in de tweede plaats een zich houden aan het Katholieke geloof tot het einde toe.” Waar die klem tydens die Middeleeue val op die goeie werke en die uit-leef van die geloof spesifiek soos Rome dit voorskryf, verskuif die

klem in die Reformasie na die geloof in Christus en die uitleef van die geloof soos die Bybel dit beveel. In die periode pas na die Reformasie staan die geloof in Christus nog sentraal. Die skrywer toon egter baie duidelik aan dat vir die teoloë van daardie tyd dit vasgestaan het dat geloof sonder goeie werke nie 'n moontlikheid is nie.

Op die bepaalde gedagtes van die teoloë soos ons dit aantref in Exalto se boek kan seker heelwat kritiek ingebring word. Die bewandeling van hierdie pad sal egter in stryd wees met wat met 'n resensie bedoel word. Dit gaan in die resensie om die skrywer wat aan die woord is en nie om die skrywers wat hy aan die woord stel nie. Die waarde van die boek sou egter veel hoër gewees het, as die skrywer meer krities ingestel was teenoor die opvattinge van die verskillende teoloë wat hy aan die woord stel. In sy onderbewussyn is die skrywer skynbaar deurgaans bewus van die algemene kritiek wat bestaan teen die piëtisme van die sewentiende en die agtiende eeu — Jesus Christus staan nie altyd in die middelpunt nie, maar die vroom lewe van die mens. Sonder om afbreuk te doen aan sy voortrefflike werk moes die skrywer hierdie leemte miskien meer prominent aangetoon het.

In die twintigste eeu met sy oog, sy hart en sy hand alleen gerig op die „deseitige“ het hierdie boek besondere betekenis. Die taal, die styl en die hantering van die stof is sodanig dat dit toeganklik is nie alleen vir teoloë nie, maar ook vir die gewone lidmaat.

— J. J. Engelbrecht

---

Dr. E. L. Smelik, **Overjarige postille**, tweede druk, Uitgegee deur G. F. Callenbach B.V.-Nijkerk 1974, 233 bladsye, prys R6,75.

Hierdie bundel van 63 preeksketse ingedeel volgens die kerklike jaar, is die moeite werd om aan te skaf en te gebruik as leidraad in die prediking.

Smelik dra baie verfrissende gedagtes en gesigspunte oor aan 'n meewerkende leser. Hy wil nêrens 'n eksegetiese van sy gekose teksgedeelte gee nie, maar dit is by byna elke preekskets duidelik dat daar 'n weldeurdragte eksegetiese in die agtergrond is. Dit wou op 'n paar plekke voorkom asof van die sketse ietwat kapstokkerig van aard is, maar dit is verreweg die minderheid.

Dat Smelik nie 'n eksegetiese aanbied nie, is te danke aan sy gesonde uitgangspunt dat dit die prediker sal lui maak. Die prediker moet self die gedeelte eksegetiseer om dan die skets as hulp te gebruik. Die skets moenie die preek wees of word nie, maar is 'n hulp soos bv. 'n kommentaar.

In sy geheel gesien is die bundel besonder stimulerend. Dit open nuwe perspektiewe vir die prediking en kan vir die prediker self baie beteken.

Die inhoud self is goed Bybels-Reformatories en baie Skrifgebonde. Daar is uitstaande sketse, bv. een genaamd: „Solidariteit“ en ’n ander met die titel: „Het Dier Leermeester Van De Mens“ en veel ander. Dit is nie moontlik om ’n bespreking van elke skets te gee nie, daarom volstaan ons met hierdie algemene opmerkings.

— D. J. P. Stolz

---

Dr. A. A. van Ruler, **Dichter bij Marcus** — G. F. Callenbach, B. V.-Nijkerk 1974, 192 bladsye.

Van dr. Van Ruler is ons gewoon om goeie werk te ontvang. Hierdie bundel van oggendgodsdien spreke wat wyle dr. Van Ruler deur die AVRO-mikrofoon die wêreld ingestuur het, handel oor Markus 1-8 en is andermaal saamgestel deur sy weduwee, mev. J. A. van Ruler — Hamelink. Dat hierdie bundel van deeglike werk getuig is duidelik — al dink mens net daaraan dat Van Ruler 61 kort en **kragtige** preke geskryf het oor net maar agt hoofstukke van Markus.

Boeiend, oorspronklik, weldeurdag, gediversifiseer in stof. Dit kan só wees, want as preke wat oor ’n tydperk van 16 jaar (afgewissel met talle ander) steeds op mekaar volgende, kon daar geen groef van gedagte wees om Van Ruler in vas te vang nie.

Hoewel die toepassings aktueel is, is die eksegeese nooit op die altaar vir die aktualistiese „prediking“ gestel nie. Die eksegeese bly deurgaans die uitgangspunt om God se Woord, wat bly tot in ewigheid, te laat spreek.

Daar is pragtige preke. Van hulle is getiteld: „Allen Zoeken U“, „Waarvoor leven wij?“, „Harten van tufsteen“ en „Schuilen onder die bomen van Gods Vrederijk“. Die stof is stimulerend ook vir predikers en die bundel kan uitmuntend gebruik word as hulpmiddel by die voorbereiding van preke.

Merkwaardig skroom Van Ruler ook nie om oor onderwerpe te preek oor die radio wat baie predikante nooit van ’n kansel of selfs in ’n Kerkraadsvergadering sal noem nie, bv. „Ook de Predikant is zijn loon Waardig“, n.a.v. Markus 6:8 en 9.

Vir die Bybels-Reformatoriese teologie van Van Ruler het ons baie hoë waardering en ons is gelukkig om dit in bundels soos hierdie in sy toegepaste vorm te hê.

— D. J. P. Stoltz

---

**Pastoraat en druggebruik**, Uitgegee deur G. F. Callenbach, B.V.-Nijkerk 1973, 58 bladsye, prys R2,90.

Hierdie is ’n rapport wat uitgebring is deur die kommissie „Pastorale handreiking druggebruikers en -verslaafden“ van die „National Protestants Centrum voor die Geestelijke Volksgezondheid“ aan die moderamen van die Generale Sinode van die Neder-

landse Hervormde Kerk. Oorspronklik het die betrokke moderamen gevra vir 'n „handreiking voor het pastoraat aan druggebruikers“, maar dit het in die rapport wyer ontwikkel tot pastoraat ook aan diegene wat met die verskynsel van verdowingsmiddel-verbruik te maak het in die alledaagse lewe. Dit nadat deeglik aandag gegee is aan die problematiek rondom die saak so ver as wat dit sinvol en noodsaaklik vir die pastorale benadering is.

Die kommissie sien hul taak in die rapport as 'n nagaan van wat die taak van die kerk sou kan of moet wees t.o.v. diegene wat dwelmmiddels gebruik asook, diegene wat met die dwelmmiddelprobleem te doen het. Hieruit volg noodwendig die elemente van hulp en besinning, gegee vanuit die Christelike kerk en dit konstitueer die pastorale handreiking. Die geskryffie is bedoel vir predikante sowel as maatskaplike werkers in die Protestants-Christelike sfeer.

'n Sleutelhoofstuk is dié getiteld: **Wat Bedoelen We Met Pastoraat?** Hierin word onder meer die volgende gegronde stellings gemaak: Pastoraat is 'n bepaalde diens wat mense namens Jesus Christus aan hul medemens bewys. Dié diens bestaan uit die opsoek en beoefen van 'n op versoening gerigte gemeenskap met medemens in navolging van Christus. Dié gemeenskap het sy begin by God.

Pastoraat beteken dié diens aan medemens waardeur hulle nuwe moontlikhede van heil ontvang vanuit die ontmoeting met Jesus Christus. 'n Belangrike punt vir die pastoraat is, dat elke gelowige in beginsel Jesus Christus vir sy medemens kan verteenwoordig. Die pastoraat bloei immers op uit die algemene priesterskap van die gelowige. Pastoraat hou in dat mense by mekaar, as 'n genade wat hulle van Godsweë ontvang, godsdienstige inspirasie, verantwoordelikheid vir mekaar en 'n aanvaarding van sigself kan oproep en dit saam uitleef. Hierdie inspirasie, verantwoordelikheid en aanvaarding sien ons as belangrike uitinge van iemand se welsyn. Wanneer iemand bewustelik plek in sy lewe inruim vir die gebruik van verdowingsmiddels, is daardie welsyn op een of ander wyse in die gedrang. Dit is moontlik dat die gevoel van persoonlike welbevinding daardeur toeneem, maar ook dat dit daardeur in gevaar kom. 'n Dwelmmiddel staan nooit neutraal t.o.v. wat iemand van sy lewe verwag nie. Die invloed daarvan is aanwysbaar in die manier waarop hy inspirasie soek, sy gevoel van verantwoordelikheid beleef en besig is met sy selfrealisasie. By die gebruik van dwelmmiddels kan daar dan ook wel deeglik sprake wees van 'n taak vir die pastoraat. In die praktyk sal ons 'n spesifieke pastoraat aan dwelmmiddelgebruikers en hulle omgewing veral teenkom by vroeë of moeilikhede ten gevolge van dwelmmiddelgebruik daarby waar 'n direkte verhouding is tussen die dwelmmiddelgebruik en die welsyn van die gebruiker of van sy omgewing.



Die rapport gaan dan voort om die Fenomeen dwelmmiddelgebruik te beskou. Hoewel die gebruik van alkohol en die rook van tabak wettig is, bly dit vorms van dwelmmiddelgebruik. So ook die mediese gebruik van dwelmmiddels. Onder dwelmmiddels (Engels: drugs) word verder ook verstaan die verskillende stimulant en hallusinogene. Die opstellers het dit in die rapport oor nie — mediese en onwettige gebruik van dwelmmiddels, hoewel hulle die mediese en wettige gebruik nie heeltemal buite rekening laat nie. Immers, die onwettige dwelmmiddelgebruik word ook aangetref as 'n soort self-medikasie.

Uiteraard is die rapport ingestel op die Nederlandse situasie. Daár is 'n „versigtige tendens“ te bespeur, sê die rapport, om die gebruik van dwelmmiddels te „dekriminaliseer“. Daar is naamlik mense wat voel om hierdie gebruik te aanvaar en te absorbeer: die gebruikers word dan as geïntegreerde gebruikers beskou, m.a.w. hulle gebruik van dwelmmiddels laat hulle nog toe om gewoon te werk en te leef; die ander, wie se werk en lewe dan só ontwrig word deur die dwelmmiddels dat hulle in die moeilikheid kom, het dan in die eerste plek reg op hulpverlening. Vir die mense met hierdie beskouing is dit dan heeltemal moontlik om die gebruik (nie die handel nie) van dwelmmiddels te onttrek aan die sfeer van die strafreg, sy dit dan langzaam. Myns insiens is dit wensdenkery om te dink jy kan 'n gemeenskap „opvoed“ tot geïntegreerde of matige gebruik van dwelmmiddels. Hierdie middels is te ingrypend, te radikaal vir so 'n „sagte“ gebruik in die gemeenskap. Bowendien lyk hierdie dekriminalisering na 'n opsyskuif van die probleem: dit is geen oplossing nie. Dit kom natuurlik uit die sfeer van die mense-regteskreeuers: dit is jou reg as mens om te besluit of jy dwelmmiddels wil gebruik of nie. Seker net soos dit jou reg is om te besluit of jy in 'n vuur wil spring of nie. Beide is omtrend ewe onverantwoordelik en gevaarlik. Die rapport wys dan ook tereg op die driedelige skade a.g.v. dwelmgbruik: Fisiese skade, psigiese skade en skade vir die samelewing.

**Fisiese skade hou in:**

- (a) die liggaam pas aan sodat mens al hoe meer van die middel nodig het om dieselfde effek te verkry;
- (b) die ontstaan van liggaamlike afhanklikheid.

**Psigiese skade hou in:**

- (i) die intrede van psigotiese verskynsels: waar die persoon sielkundig afwyk maar nie in staat is om dit te besef nie;
- (ii) steurings van die onlangse geheue.

**Skade vir die samelewing hou in:** 'n nadelige invloed op na buite gerigte oplettenheid wat nodig is in motorverkeer en bepaalde arbeidssituasies.

Die rapport is deeglik, weldeurdag en so op hoogte van die saak as moontlik. Derhalwe kan fyn onderskeid gemaak word tussen verslawing en afhanklikheid asook tussen liggaamlike en geestelike afhanklikheid en dan ook tussen afhanklikheid en gewoonte.

Daar word gekom tot die slotsom dat daar geen enkelvoudige oorsake is nie. Nog nooit kon 'n enkele oorsaak vir dwelmmiddelgebruik aangewys word nie. Dit blyk steeds dat dit om 'n multi-kondisionele verhouding gaan. Die vraag is of hierdie verskynsel wel binne 'n oorsaaklike skema opneembaar is.

Die opmerking word gemaak dat in hierdie verband nie van 'n epidemie in mediese sin gepraat kan word nie, maar moontlik wel van 'n epidemie in die sin van psigiese besmetlikheid of in die geval van optredende groepsdruk. Dit is van kardinale belang dat kennis hiervan geneem word deur almal wat met dwelm-gebruikers te maak het. Gesonde groepsverhoudinge en gemeenskapslewe sal m.i. steeds die enigste voorkomende en rehabiliterende maatreël van werklike waarde wees en die kerk as gemeenskap van die heiliges bied dit by uitnemendheid. Dit hou egter in dat daar 'n begrip vir die probleme van die betrokke, sal wees. Vanuit hierdie agtergrond gaan die rapport dieper in die aspekte in wat vir die pastoraat van besondere betekenis is, naamlik die gebruiker self, dan die wye verband van die samelewing waarin die gebruikers, diegene wat verantwoordelik is vir hulle en ook alle ander medemens saam verkeer en ten laaste die kring van medemens as medeverantwoordelikes rondom die dwelmgebruikers soos ouers, leraars, ens. Wat betref die pastor stel die rapport onomwonde die hoë eise wat elke pastor in gehoorsaamheid aan God aan homself moet stel. Die pastor moet met liefde en belangstelling sy mense „begelei in die singweging van hul lewe vanuit die Christelike geloof“. Hy moet in staat wees „om sy medemens deur die oë van Jesus Christus aan te sien met 'n liefde, 'n barmhartigheid en 'n geduld wat gevoed word deur die liefde, die barmhartigheid en die geduld van Jesus Christus teenoor die pastor self“. Daar behoort geen vooroordeel by die pastor te wees nie: „Indien die pastor self bevry is deur die vrysprekende oordeel van God, is die loodswaer las van die moet of wil oordeel van hom afgeneem.“ M.b.t. die onderhawige saak sal dit vir die pastor nodig wees om hom te verdiep in die probleme en die denk- en belewingswêreld van die verslaafde, anders sal die nodige begrip bly ontbreek.

In sy geheel gesien, bied die rapport 'n omvattende en praktiese handleiding wat bondig en kragtig aangebied is. Die verhouding van Teologie en praktiese pastoraat is nêrens ongebalanseerd aangebied nie en die lede van die betrokke kommissie moet bedank word vir 'n baie netjiese werkstuk. Dit kan die kerk goed dien.

**D. J. P. Stoltz**